Ps. 147:1-3
Ges. 47:1,2 of
Ges. 57:1,4.
" 125:5.

# In Alles Oorvloedig

2 Kor. 8:1-15

Vb. D/fees Pr.-Oos
26 Aug. 1951.

2 Kor. 8: 7 – Maar soos julle in alles oorvloedig is – in geloof en woord en kennis en alle ywer en in julle liefde vir ons – sorg dat julle ook in hierdie liefdedaad oorvloedig is.

Watter klag lê daar nie opgesluit in 'n enkele wd. van opregte waardering nie! Watter innige band bind dit nie tussen die een van wie die wd. uitgaan en aan wie dit gerig is! Dink mr. aan d. glans van geluk en vreugde wat uitstraal v.d. gesig van 'n kind wfr sy ouer sy toegewyde arbeid bekroon met 'n wd. van aanprysing en lof!

So, dink ek, moes d. Korinthiërs gevoel het by d. lees van hd. agste hfs v. Paulus se brief. In hd. teksvers begin hy met 'n aanprysing van d. gemeente: „Maar soos julle in alles oorvloedig is – in geloof en woord en kennis en alle ywer en in julle liefde vir ons –". Lei dit uit ~~tot~~ 'n wonderlike aansporing: „sorg dat julle ook in hd. liefdedaad oorvloedig is". Dui duid. aan watter dryfveer ~~daar in~~ hulle lewens ~~moet~~ deurgaans ~~moet lê~~: (vs. 9): „Want julle ken d. genade v. onse Here Jesus Christus dat Hy, alhoewel Hy ryk was, terwille van julle arm geword het, sodat julle deur Sy armoede ryk kan word". Sluit d. hele bespreking af deur d. versekering v.d. heerlike vrug wat dit dra: 9:8 – „En God het mag om alle genade oor julle oorvloedig te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte oorvloed kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk" Oor hd. aansporing tot milddadigheid – hd. grond waarop dit rus & hd. vrug wat dit dra wat ons opwek tot 'n spreuk

## I Die Aanprysing wat lei tot Aansporing:

Vs. 7a – Hoe baie mooi deugde was daar nie

d/a lewe v. h.d. gemeente v. Korinthe! 'n Gemeente wat hom nie net kon beroem op aardse rykdom en welvaart nie, m.a. ook op voortr. geestesgawes: (1 Kor. 12-14) gesondmaking, spreek in tale, uitleg v tale, m.a. nog meer: geloof - woord - kennis - ywer :

geloof =
woord = gawe van onderrig & optrede in openbaar
kennis = insig in godd. waarhede
ywer = aktief en werksaam
liefde vir ons: pers. teegemoetkhd tot Paulus

Paulus beroep hom op al h.d. mooi Xt. deugde om te vra dat hulle d. kroning d/v moet voltooi: deur ryk te word in alle milddadighd - die onmisbare laaste skakel in h.d. glansende gône ketting! As prakt. vb. van so 'n lewe verwys hy na d. gemeentes v. Masedonië wat onder baie beproewinge en verdrukking, ten spyte van groot armoede en nood, 'n kragtige getuienis gegee het van milddadighd en naasteliefde! En Paulus prys nie d. Mased. gemeentes omrede v. hulle optrede nie - hy noem dit „die genade van God" (vs. 1) wat hy ook aan hulle bekend maak!

Watter liefdevolle uitdaging lê in h.d. woord opgesluit: ① die feit dat milddadighd 'n genade gawe v. God is wat kan ontbreek al is daar soveel ander mooi deugde aanwesig: geloof - woord - kennis - ywer - liefde tot ander! ② En dat dit soms juis hulle is wat d. meeste besit wat ons d. meeste beskaam! Want, sê Paulus, d. Mased. Xtene het nie gewag om gevra te word om te gee nie - hulle het gevra om d. voorreg gegun te word om ook te gee!

Al h.d. dinge sê P. met ruimhartighd omdat hy d. gem. v Kor. herinner a.d. feit dat hulle d. eerste vb. gestel & d bal a.d. rol gesit het - soek nou d. voltooiing v h.d. genadewerk!

IV Die Dryfveer agter d. liefdesdaad: vs. 9 -

M.a. h.d. aansporing berus nie op d. nood of d. behoefte v. d. Jerus. Xtene nie - Paulus het te goed geweet dat d. nood v ons vrymens nie genoeg grond bied vir mense om barmhd te beoefen nie (Vb. vandag - d. oormeld. nood v. ons tyd baie mense juis meer ongevoelig maak vir d. behoeftes v hulle naaste!). Nee, Hy herinner d. gemeente daaraan dat daar 'n baie sterker dryfveer is wat d. Xten beweeg tot milddadighd: d. feit dat hy as Xten soveel ontvang het, d. feit dat Xt. „wat i/d gestalte v God was", H/s ontledig het deur d. gestalte van 'n dienskneg aan te neem ..."

Watter mens kan d. grootheid v. h.d. daad van vryw. selfvernedering v Xt. deurgrond! Sy menswording 'n daad v. vernedering - hemelse heerlikhd & majesteit vaarwel gesê -; sy lewe 'n daad v. vernedering - H/s te bly gee aan mense wat Hom nie verstaan & waardeer het nie; sy dood d. diepste daad v. vernedering -

Hy het H/s arm gemaak terw. v. ons: afgedaal na ons sond. lewe, verlensaming m. ons gebrekkige insig, ons afgestompe gevoel - niks weerhou nie - alles gegee om ons te skenk d. vrymaking v. lewe, d. rykdom van 'n nuwe bestaan, d. krag v. oorwinning, d. geluk v. diens - o, wat sou ons geweet het as Xt. nie na ons gekom het nie! Wat het ons om te gee as ons nie eers besef wat Hy kon gee! > D/h.d. nie net enkele daad m.a. blyw. gesindhd!

→ - Noodsaaklike voorbereiding (vs. 5):
① eers h/s a.d. Here gegee (in antw. op IV)
② d/na h/s aan ander!
sonder h.d. voork. is alle d/o vergeefs!

III **Die Vrug v. hd. Gawe:** Paulus sluit nie hd. beroep op milddadighd af sonder aan d versekering t.gee v. d. geseënde vrugte wat dlui(t) voortspruit nie! Wat?

① **Inn. vrug:** **Groter blydskap** tot God — **dieper dankbaarhd** vir al sy seëninge — **minder kritiek** en **fountvinding** — ook **dieper nedrighd** & **ootmoed!** D/by nouer innige gemeenskap met God!

② **Besieling vir ander:**

③ **Seën vir eie persoon:** 9:8 —

Hier is wond. met: God voorsien op wond. wyse — kry dubbel & dwars terug in **tyd.** & **geest.** seëninge

**Voorwaarde:** (Maced. gem.)

① Ousself aan d. Here gee

② " " " ander.